

God skep vir ons 'n lewenswyse waar ons met ons diens vir Hom kan aangaan terwyl niks meer in die land reg is nie

ds. PJ Kriel

23.10.2016

Inhoud. Hierdie preek wys op die valse nasie hoop binne die NG Kerk. Dit wys dat Afrikaanse gemeenskapsleiers en kerkleiers met 'n valse hoop besig is om lidmate te laat aanhou hoop in wat nie reg is of reg sal kom in die land nie. Teenoor hierdie valse nasie hoop word die vertroue in God se verbondstrou gestel waarin gelowiges met hierdie nasiehoop kan breek en in die wete dat niks meer reg is in die land nie, met hulle diens, toewyding en liefde in God kan aanhou.

Liturgie. Lied 159; 232; 119; 118

Skriflesing. Jeremia 1:9 -16; 2: 8, 9, 23, 24; 6:13 – 15; 7: 3- 7; 8: 10 – 12.

Teks: “¹³ Almal, klein en groot wil hulle self net verryk, almal, selfs die profete en priesters is uit op bedrog. ¹⁴ Hulle het goedkoop raat vir my volk. Hulle sê net: “Alles is reg! Alles is reg!” Maar niks is reg nie.” Jer. 6

Tema. God skep vir ons 'n lewenswyse waar ons met ons diens vir Hom kan aangaan terwyl niks meer in die land reg is nie.

1. Alles is reg! Alles is reg!

Dit is die geestelike slagspreuk van die predikers en geestelikes in Jeremia se tyd vir die volk van die Here. Want vir hulle was dit 'n tyd van hoop. Dit was die boodskap van hoop wat hierdie predikers aan die gemeenskap verkondig het: Alles is reg! Alles is reg!

Hierdie boodskap van hoop het hulle gevind in die kwynende mag van die Assiriese ryk wat geval het tussen 612 v.C. en 610 v.C. Die Assiriese wêreldryk het die Noordelike ryk van Israel as staat beëindig met die vernietiging van die hoofstad Samaria. Hulle het die tien stamme van Israeliete verstrooi tussen die heidennasies op so wyse dat niks van hulle oorgebly het nie. Hierdie wêreldmag is toe vernietig deur nuwe wêreldmagte.

Dit was die nuwe hoop van die nasie Juda gewees – die nuwe vryheid van 'n toekoms sonder die bedreiging van die geweld van Assirië. Dit is soos die nuwe hoop wat in die wêreld en ook in ons land en gemeenskap opgevlam het met die val van die Kommunistiese ryk in 1989 met die val van die Berlynse muur.

Die stad Jerusalem en die staat Juda het hierdie geweld wat die staat Israel getref het, vrygespring. Hierdie verligting oor die aanslag wat nie op hulle plaasgevind het nie, het hulle in hierdie nuwe hoop laat leef: “Alles is reg! Alles is reg!” Hulle het vir hulle 'n nuwe toekoms gevind in hierdie nuwe hoop in die wêreld: “Alles is reg! Alles is reg!

God skep vir ons 'n lewenswyse waar ons met ons diens vir Hom kan aangaan terwyl niks meer in die land reg is nie

2. Wat hierdie nuwe hoop was wat die predikers verkondig het, sien ons in die verse waarin hierdie slagspreuk weergegee word: “¹³ Almal, klein en groot wil hulle self net verryk, almal, selfs die profete en priesters is uit op bedrog. ¹⁴ Hulle het goedkoop raat vir my volk. Hulle sê net: “Alles is reg! Alles is reg!” Maar niks is reg nie.” Jer. 6

Hierdie nuwe hoop se bedoeling word ook in 5: 27 en 28 aangespreek: “Soos 'n voëlvanger 'n hok vol voëls maak, het hulle hulle huise volgemaak met bedrog; dit is waarom hulle magtig en ryk is, vet en blink.”

Hierdie nuwe hoop vir die nasie was die hoop op veiligheid, sekuriteit, voorspoed en geluk wat hulle gevind het in ekonomiese plundering. Met hierdie slagspreuk is verklaar dat hulle nou vry van die groot wêreldbedreiging weer positief met die lewe kan aangaan soos altyd – om hulle self te verryk ten koste van ander. Alles is reg!

Daar is nie meer dreigende geweld, dreigende gevaar, dreigende plundering, dreigende moord, dreigende moordlus en dreigende doodslag nie. Die dreigende oorlog is verby! Die lewe gaan weer aan soos altyd! Alles is reg! Alles is reg!

3. Die tweede deel van hierdie nuwe hoop was die ou slimigheid van solidariteit en inklusiwiteit in die mag en vryheid van die heersende wêreldmagte: “Ons is almal saam deel van die nuwe wêreldvryheid.”

Dit was nie 'n nuwe soort slimigheid nie. Dit was die ou dwaasheid waarmee Israel opgetree het vandat hulle die beloofde land binne getrek het.

Jeremia stel in 2: 7 – 10 dat hulle van die begin af in die beloofde nie na die wil van die Here in sy wet wou vra of daarvolgens wou leef nie. Die wet van God het hulle van al die ander nasies vervreem waar daar net een wet was: mag! Vir Israel moes die wet van God die rigshoer wees vir wat alles reg is. Hulle het egter die vryheid van die nasies as hul eie vryheid omhels: mag is reg!

Nie die priesters, profete of regeerders wou weet wat reg is volgens die wet van God nie! Met so verbintenis tot God se wet sou hulle volgens hulle slimigheid van alle magsvennote vervreem gewees het.

Vry van God se wet kon hulle magsalliansies volgens eie wysheid en eie begeertes vorm. Hierdie vryheid spreek Jeremia aan as die kuns om minnaars te soek: “³³ Hoe geoefen is jy in die kuns om minnaars te soek; jy het al so gewoon geraak aan die kwaad!” Jer. 2.

Die nuwe hoop waarin alles nou reg was, was die solidariteit en inklusiwiteit van 'n nuwe wêreld – en gemeenskapsorde met elkeen en almal.

God skep vir ons 'n lewenswyse waar ons met ons diens vir Hom kan aangaan terwyl niks meer in die land reg is nie

4. Die prys wat Israel van die begin af vir hierdie solidariteit en inklusiwiteit met wêreldmagte gemaak het, was die gelykstelling van God met afgode! Daarom was die slagspreuk: “Alles is reg! Alles is reg! Hoop net en gaan aan soos altyd!”, die vryheid om God te eer as net nog 'n God tussen ander gode!

Die rede vir hierdie gelykstelling was dat Israel nie deur die verering van God as enigste God en Here, van sy solidariteit en inklusiwiteit van wêreldmagte vervreem wou geword het nie.

God wat Een en Enig is, moet nie in die pad van hierdie nuwe hoop en nuwe toekoms gestaan het nie! Nie met die intog in die beloofde land nie en nie met die val van die Assiriese ryk nie. Israel se nuwe hoop was elke keer bedryf as die vryheid om verskillende geestelikhede, of te wel, spiritualiteite, saam te vier as dieselfde waarheid.

Dit het die bedrog en valsheid geskep wat Jeremia uitwys dat hulle met hulle geestelikheid of spiritualiteit net so maklik 'n afgod as vader kon aanspreek as wat hulle die Here as vader kon aanspreek. Jeremia wys hierdie grenslose geestelikheid uit met 2: 27 “Dit is hulle wat vir 'n stuk hout sê: “My vader,” en vir 'n klip: “U het my in die wêreld gebring.” Na My toe het hulle hul rug gedraai in plaas van hulle gesig.” teenoor 3:4 “En nou noem jy My skielik: My vader,” en sê jy: “U is my vriend vandat ek 'n kind is.”

5. Ironies genoeg dan was die waarborg en sekuriteit vir hierdie nuwe hoop van Israel: “Alles is reg! Alles is reg!”, die aanbidding in eredienste binne in die tempel van die Here. Profete en priesters het hierdie nuwe hoop vir die nasie Juda gewaarborg met die tempeldiens van die Here in Jerusalem.

Dit was die diepste godsdienstige leuen van hierdie nuwe hoop vir die nasie van Juda. Jeremia spreek hierdie bedrog oor hoop aan in 7 vers 4: “Moenie julle vertroue stel in leuens nie. Julle sê: ons is veilig! Dit is die Here se tempel, dit is die Here se tempel, dit is die Here se tempel!”

Die slagspreuk van die nuwe hoop van die nasie, Juda, “Alles is reg! Alles is reg!”, was gewaarborg met die kerk se slagspreuk wat by herhaling verklaar word: “Dit is die Here se tempel! Dit is die Here se tempel! Dit is die Here se tempel!”

Die aanbidding van God in die tempel was die waarborg van die nuwe hoop van die nasie: Alles is reg!, waarin God net nog 'n afgod is. Dit was die ironie. Die aanbidding van die Here in die tempel moet die nuwe nasiehoop waarborg, maar die hoop van die nasie is 'n toekoms waarin God net nog een van baie gode is.

God skep vir ons 'n lewenswyse waar ons met ons diens vir Hom kan aangaan terwyl niks meer in die land reg is nie

6. Terwyl Israel in hierdie nuwe hoop leef dat alles nou weer reg is en reg sal gaan, kondig die Here aan: “Niks is reg nie!” Niks van hierdie hoop en niks in die toekoms waarheen hulle met hierdie hoop op pad is, is reg nie.

Met hierdie aankondiging wys God dat die nuwe hoop van die nasie Juda 'n valse hoop is.

Vals omdat net Hy as God die Here van alle nasies is. Hy as God is nie in vennootskap of alliansie met afgode nie. Hy as Here van die nasies regeer hulle deur sy wet en sy oordeel volgens sy wet. Daarom bepaal Hy deur sy oordeel en wet die toekoms van nasies. Die toekoms van nasies lê nie hulle nuwe hoop en nuwe magsalliansies nie, maar in wat God met hulle gaan doen. Hulle nuwe nasie hoop is vals omdat die toekoms van hulle nuwe hoop nie die toekoms is waarmee God vir nasies mee besig was nie.

Die Here kondig sy vrymagtige optrede as Here van die wêreldgeskiedenis aan met die roeping van Jeremia as predikant in Jeremia 1 verse 9 tot 17. Terwyl die nasie Juda leef in hulle hoop dat alles in die land reg is en reg sal bly, is die Here gereed om binne sy voorsienigheid 'n nuwe wêreldryk te laat opstaan wat net so geweldig en moordlustig sal wees as Assirië wat geval het.

Die Here stel dit só: “Ek sal die mense van Juda straf vir al hulle sondes: hulle het My verlaat, vir ander gode offers gebring en voor hulle eie handewerk in verering gebuig.”

7. Ons mag nie hierdie optrede van die Here as Here van nasies en volkere verdraai en vervals soos profete en priesters dit altyd sal probeer vervals nie.

Hulle afgodery klink so: “Dit is die Here se tempel! Dit is Here se tempel!”, God sal nie so iets aan ons doen deur ons aan die oorheersing en geweld van goddeloses en wetteloses te onderwerp nie.

Vandag se weergawe klink so: “Wanneer jy net jou sondes bely, tot bekering kom en God in jou lewe innooi, dan sal God nie goddeloses en wetteloses toelaat om jou te benadeel en te onderwerp aan hulle eimagtigheid nie.

Dan is ons mos weer by hierdie valse nasie hoop:

Alles is reg! Alles is reg! Ons het tot bekering gekom en God in ons lewe ingenooi en nou gaan alles weer goed gaan, alle bedreigings gaan verdwyn en ons gaan weer rustig kan welvaart skep en gelukkig wees.

God skep vir ons 'n lewenswyse waar ons met ons diens vir Hom kan aangaan terwyl niks meer in die land reg is nie

Alles is reg! Alles is reg! Ons is die tempel van die Here! Ons is die tempel van die Here!

8. Dit is vals om die Here se aankondiging oor die opkoms van Babilon as wêreldryk te sien as 'n spesifieke beskikking om vir Israel te straf so asof Babilon nie as wêreldryk sou opstaan nie as Israel hulle van hul sonde bekeer het.

Dit sou mos dan beteken dat geen goddelose en wettelose wêreldryk kan opstaan solank Christene net tot bekering kom en reg leef vir God nie! En dit is onsinnig! God kondig hier iets anders aan as hierdie tipe waanbeeld van geestelikes oor wêreld geskiedenis.

Hy is die Here van die wêreldgeskiedenis. Hy vernietig die magsalliansies en solidariteit van goddeloses en wetteloses waarin hulle leef: Mag is reg!

Hy is die Here wat hierdie nuwe hoop waarmee elke nuwe nasie opstaan in eie geregtigheid en eiemagtigheid verniel en laat verniel deur die magte wat hulle skep! Hy laat hulle verniel en vernietig deur hulle eie handwerk wat hulle vereer het: hulle nuwe mag, hulle nuwe vryheid, hulle nuwe toekoms en hulle nuwe hoop, waar Hy net nog 'n afgod is! Daarom stel God aan Jeremia om Hom as Here van die nasies só te verkondig: ¹⁰“Kyk ek stel jou vandag aan oor nasies en koninkryke om af te breek en uit te roei, om te vernietig en plat te slaan, te bou en te vestig.” (Jer. 1: 10)

Dit is soos met die wetteloosheid en goddeloosheid van ons huidige ANC regering. Hoe is God besig om hulle wettelose en goddelose plundering en eiegeregtigheid te vernietig? Deur die beskikking van die 'n nog groter wettelose en goddelose mag in die EFF. Dit is hoe God nasies opbou en verwoes.

9. Wat moes Juda as kerk van die Here hoor?

Dit is teen alles wat Woord van God is, om te wil beweer dat hulle moes hoor: Babilon sal nie met geweld op julle toesak, as julle die wet van God gehoorsaam nie!

Hulle moes heeltemal iets anders hoor! Hulle moes hoor dat die wêreld waarin alles reg is nie bestaan nie! In hierdie goddelose wêreld is niks reg vir die kerk van God nie.

- Hulle moes hoor dat hulle nie in die val van een wêreldmag vry was van die geweld van 'n goddelose en wettelose wêreld nie.
- Hulle moes hoor dat dat die hoop wat hulle vir hulle self opgemaak het van 'n wêreld waar alles reg is en alles weer goed goed sal gaan omdat almal nou vredevol is en almal mekaar vryheid en voorspoed gun, nie bestaan nie.
- Die hoop wat hulle vir hulle self opgemaak het vir hierdie wêreld, hierdie land en hierdie gemeenskap, alles is reg, bestaan nie!

God skep vir ons 'n lewenswyse waar ons met ons diens vir Hom kan aangaan terwyl niks meer in die land reg is nie

- Dit bestaan nie want dit is nie hoe God met die magte van hierdie wêreld omgaan nie. Hy laat een mag ontstaan om al die ander te verniel en te plunder net om self weer verniel en geplunder te word. Dit is hoe God gereed staan teenoor die goddeloses en wetteloses van hierdie wêreld.

10. As Juda hierdie Woord van God gehoor het, sou hy hom tot God bekeer het!

Bekering in Jeremia is totaal iets anders as die tipe bekering wat ons in die geestelike bedrog van hierdie wêreld hoor: “Jy moet jou sondes bely, God in jou lewe innooi en dan sal die gewelddadigheid van hierdie goddelose en wettelose wêreld jou nie tref nie.” “Jy moet bekeer, dan sal Babilon nie ontstaan en Jerusalem vernietig nie.” Dan is dit amper iets soos jy moet tot bekering kom dan sal daar nie 'n EFF wees nie.

Hierdie oproep tot bekering, is die bekering van die kerk tot sy Here en Vader, weg uit die hoop van en in die mag van nasies. Wat bekering is, stel Jeremia in 4: 1 “As jy jou wil bekeer, Israel, moet jy jou tot My bekeer!” Dit word in Jer. 31 vers 18 só gestel: “Bring my terug na U toe dat ek my kan bekeer, want U is die Here my God!”

Hierdie bekering is die bekering waarin jy breek met die hoop van nasies: “Alles is reg! Alles is reg!” Dit is die bekering waarin jy nie meer hierdie nasiehoop deel nie! Die bekering waarin jy geen hoop meer het vir die nasie nie! Dit is die bekering waarin jy nie jou toekoms soek en belê in die hoop van die nasie nie.

Israel moes breek uit die nuwe hoop van die nasie Juda!

Die hoop op die voorspoed, geluk en vrede van 'n nuwe mag in nuwe magsalliansies! Want in die nuwe hoop van die nasie was daar geen toekoms nie. God het al klaar gereed gestaan om die toekoms van hierdie nasie met sy hoop en al, binne die magte van die wêreld te verwoes met Babilon.

Israel moes los en sonder hierdie nuwe hoop van die nasie, sy vertrou in God as God van sy verbond stel. In hierdie vertrou in God, nie die nuwe hoop van die nasie was Israel se toekoms opgesluit.

11. Watter toekoms het God vir sy verbondsvolk, sy kerk ontsluit in hierdie oordeel van die Here oor die nasies van die wêreld?

Dit is die geloofsontdekking! In en deur al hierdie nuwe nasies en nuwe hoop van nasies hou God sy kerk deel van 'n lewe waarin sy verbondstrou teenoor hulle as sy kerk, hulle toekoms is.

God skep vir ons 'n lewenswyse waar ons met ons diens vir Hom kan aangaan terwyl niks meer in die land reg is nie

- Dit is 'n toekoms waarin Hy alleen Here en God is, en nie net nog 'n god tussen gode nie.
- Dit is 'n toekoms waarin Hy alle magte en magsalliansies waarin Hy nie as Here gedien en geëer word nie, vernietig, een na die ander sonder ophou.
- Dit is 'n toekoms waarin Hy sy kinders vir Homself diensbaar hou en behou in sy liefde tussen en onder die mag en geweld van goddeloses en wetteloses.
- Dit is 'n toekoms waarin sy kinders aan sy wet verbind bly as die maatstaf van hulle lewe en nie 'n toekoms sal soek in die mag van goddeloses en wetteloses nie.

Dit is en bly altyd die toekoms van die kerk omdat die Here God is en nie net nog 'n god is nie, soos die Here dit in Jeremia 31 aankondig:

³¹ Daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek met Israel en Juda 'n nuwe verbond sal sluit. ³² Dit sal nie wees soos die verbond wat Ek met hulle voorvaders gesluit het toe Ek hulle hand gevat en uit Egipte laat trek het nie. Hulle het daardie verbond wat Ek met hulle gesluit het gebreek al was Ek getrou aan hulle, sê die Here. ³³ Dit is die verbond wat Ek met hulle in die toekoms sal sluit, sê die Here: Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê. Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees. ³⁴ 'n Man sal nie meer vir sy buurman of vir sy broer voorhou: "Jy moet die Here dien" nie, want almal sal my dien, klein en groot sê die Here. Ek sal hulle oortredings vergewe en nie meer aan hulle sondes dink nie."

Binne die Here se verbond met ons as sy kerk en kinders is dit die lewe met en ook die toekoms met die Here. Hy sluit hulle met hulle diens en toewyding in sy raadsplan in wat net altyd meer, anders en groter is as die mag en lotgevalle van nasie. Dit is hoe Hy vir ons as sy kerk God is en sal wees terwyl Hy die magte van hierdie wêreld teen mekaar sal opbou en vernietig.

Hiermee skep God vir ons 'n nuwe lewenswyse – om met ons diens in arbeid, toewyding in gehoorsaamheid en liefde voort te gaan, terwyl niks meer in die land en gemeenskap reg is nie.

12. Wat Israel moes hoor wat hom tot bekering sou bring, was om te breek met die hoop op die toekoms wat die nuwe nasie Juda, vry van die mag van Assirië, hom mee vervul het en in hierdie nuwe lewenswyse God te dien terwyl niks meer reg is nie.

Hulle moes hoor waar hulle toekoms lê: in die vertroue in God se verbondsondernemings aan hulle as sy kerk binne hierdie goddelose en wettelose wêreld gemeenskap.

God skep vir ons 'n lewenswyse waar ons met ons diens vir Hom kan aangaan terwyl niks meer in die land reg is nie

- Het hulle dit gehoor sou hulle die boodskap van Jeremia gehoor het dat God weer 'n nuwe wêreldryk laat opstaan om weer met geweld en oorheersing ander nasies aan hulle gaan onderwerp. Want dit is hoe God nasies laat opstaan en val.
- Het hulle dit gehoor, sou hulle nie hulle toekoms in die nuwe hoop van die nasie gevestig het nie. Hulle sou hulle vertrou in God gestel het as Here wat hulle weer deur hierdie magsopbou en geweld sou lei net soos Hy dit met Assirië gedoen het.
- Dan sou hulle die Here ontdek het en vertrou het van die Rigterstyd waarin God elke nuwe nasie, elke nuwe mag en elke nuwe goddelose en wettelose instelling vernietig sodat Hy sy volk diensbaar aan Hom kan hou.
- Het hulle dit gehoor, het hulle gehoor die toekoms lê in diensbaarheid aan en liefde vir God en nie in die rykdom, voorspoed en geluk van hierdie wêreld nie. Binne hierdie geloof sou hulle nie net nog 'n mag tussen magte geword het met nog 'n god tussen al die ander afgode nie.

Hulle sou ingesluit en opgeneem gewees het in die belofte van God dat hulle sy kerk en Hy hulle God sou wees, Hy wat Een en Enig die Skepper van hemele en aarde is.

Dit sou hulle uit die vernedering gered het wat oor hulle gaan kom wanneer hierdie wangeloof en valse nasiehoop in hulle gebreek word: "Alles is reg Alles is reg!" Wanneer God deur die wyse waarop Hy god van nasies is hulle nasiegeloof vernietig, sal hulle in die vernedering verval:

- om met hierdie nasiehoop soos branstige kameelkoeie agter elke nuwe mag wat lyk asof dit die nasie se toekoms is aan te hardloop (2: 23)
- of om so gewoon te word aan die ellende waarin die nasie leef met die hoop "Alles is reg!" dat hulle soos 'n wilde donkie in die woestyn koponderstebo maar net oorgegee is aan hulle eie ellende in die hoop op die nasie (2: 24)
- of om so gebroke in hulle hoop so lui en sleg te sit en wag op iemand om te help soos 'n Arabier in die woestyn. (3:2)
- of om in die wisselvalligheid van wêreldmagte en geestelike magte so ontrou en oneervol soos 'n owerspelige vrou wat tussen haar man en minnaars moet rondhardloop, van die een nasie na die ander, van die een geestelike mag na die ander geestelike mag sal rondval. (3:2)

Hulle sou met die eer en trots van die kerk van die Here in die woestyn en Rigterstyd hulle self binne die geweld en oorheersing van elke nuwe wêreldmag kon handhaaf in hulle diens en toewyding aan God wie hulle toekoms is.

God skep vir ons 'n lewenswyse waar ons met ons diens vir Hom kan aangaan terwyl niks meer in die land reg is nie

Hulle sou kon aangaan in die geloofsluwe om aan te hou om god te dien, te gehoorsaam, te eer en dank en binne sy raadsplan vir hulle lewe as sy kerk te leef, terwyl hulle in die oortuiging leef dat niks in die land en gemeenskap meer reg is nie.

Hulle kon hierdie nuwe lewenswyse binne God se verbondstrou dit egter nie meer oor nie.

Hulle hoop vir die nasie en die mag van die nasie het gemaak dat hulle nie meer skaamte oor hulle sonde gehad het om God net nog 'n god tussen ander afgode te maak nie. (Jer. 3: 3) Hierdie nuwe hoop van die nasie het hulle verblind om hulle toekoms te sien in God se verbondstrou.

Hulle kon nog net aangaan met hierdie waansinnigheid: "Alles is reg! Alles is reg!"
13. Waarin lê ons toekoms?

Lê ons toekoms in God wat vir ons die Here van die nuwe nasie tussen die ander nasies is of lê ons toekoms in die geloofsgemeenskap, die kerk van die Here binne sy raadsplan in hierdie wêreld?

Dit was die bedrog van die leiers: dat hulle God net nog 'n god tussen al die ander afgode kon maak en kan aangaan of alles weer reg is en reg sal wees. God laat Hom nie 'n afgod maak en gedra Hom nie soos 'n afgod wanneer mense Hom minag as net 'n afgod nie.

God is die Here van die nasies en Hy beskik die opkoms en val van nasies deur die oordeel van sy wet. Deur God net nog 'n god binne hulle mag van 'n nuwe nasie te maak, het God die Een geword wat hulle net soos ander nasies deur die geweld van goddeloses en wetteloses verniel. God het vir hulle wat 'n nuwe nasie, nie die kerk van die Here in hierdie wêreld wou wees nie, die Here van die nasies geword: "Ja, so sê die Here, die hele land sal verwoes wees." (Jer. 4: 27)

Daarom moes hulle hul bekeer tot die Here van sy kerk wat Hy regeer deur hulle deel van sy verbondstrou te laat wees. In hierdie verbondstrou van God teenoor sy kerk het sluit God hulle in 'n toekoms in waar hulle sy volk en Hy hulle God is, buite sy oordeel oor die nasies, in die toekoms waar hulle Hom kan dien en eer.

14. Waarin lê ons toekoms in hierdie land waarin ons vandag leef? In die nuwe hoop van 'n nuwe nasie of in die verbondstrou van God aan sy kerk?

Wat ek nou vir u gaan weergee is my mening en nie meer 'n uitleg van die inhoud van God se Woord nie. U moet en mag dit saam met my toets as die waarheid waarin ons vandag leef in hierdie land.

God skep vir ons 'n lewenswyse waar ons met ons diens vir Hom kan aangaan terwyl niks meer in die land reg is nie

In die Afrikaans gemeenskap het Afrikaanse gemeenskapsleiers en kerkleiers die laaste dertig jaar hierdie dwase besluit geneem: ons toekoms lê in die nuwe hoop van die nuwe nasie!

Dit is hierdie leiers wat ons nou al vir meer as dertig jaar teister met hierdie bedrog: "Alles is reg! Alles is reg!" "Dit is die Here se tempel! Dit is die Here se tempel!"

Hoe lyk hierdie land en toekoms vandag waarin alles altyd reg is, ons moet net hoop en aangaan!

Eers moet ons gehoor het "Alles sal regkom! Alles sal regkom! Daar is 'n blinknuwe toekoms in hierdie land van welvaart, voorspoed, geluk en vrede, ons moet net die sondes van apartheid bely, God koning van die land maak en dan sal God ons die geweld van hierdie wêreld spaar. Hierin het die Wes Kaapse sinode met geestelike herlewings die leiding in die land geneem.

Toe glo ons alles sal regkom, alles sal regkom, en ons hoop op die nuwe nasie wat hierdie welvaart en voorspoed gaan bring. En die welvaart en voorspoed het toe gekom vir hulle wat die mag het om die land te plunder.

Die prys wat ons moes betaal het, was dat ons God net as nog 'n god tussen al die ander gode moet erken, dat ons God net kan eer as 'n maaksel van ons eie spiritualiteit. Die Here van die Here wat alleen Here en God is was 'n hindernis vir die inklusiwiteit en die solidariteit van die nuwe nasie.

Toe kry ons nie voorspoed, vrede en geluk nie, maar die plundering en verlies van 'n regering wat vervul is met grypsug en die eiemagtigheid om alles vir hulle self op te eis. Ons plase, toekoms en belasting is geplunder terwyl die kerk weer verkondig het: "Alles is reg! Alles is reg!" Julle moet alles prysgee en oorgee in hierdie plundering om hoop te skep vir die nuwe nasie!

Nou leef ons in die geweld van 'n nuwe gemeenskapsmag, die anargie en anargisme van goddeloses en wetteloses! En gemeenskapsleiers en kerkleiers verkondig nog steeds dat ons moet hoop op die nuwe nasie!

Dit is die waan van hierdie nuwe nasie: "Alles sal regkom! Alles sal regkom! Julle moet net aanhou hoop! Daarom kan die Noordelike Sinode hierdie ligsinnige slagspreuk as sy leuse navolg: "Bring hoop, maak 'n verskil!" Bring die hoop vir die nuwe nasie en maak die verskil vir die nuwe nasie! Ons aanbidding is die waarborg van die hoop vir die nuwe nasie! Ons is die tempel vir hulle! Ons is die tempel vir hulle! Die nuwe nasie!

God skep vir ons 'n lewenswyse waar ons met ons diens vir Hom kan aangaan terwyl niks meer in die land reg is nie

14. Bekering vir ons as kerk beteken dat ons as gelowiges vandag sal breek met die hoop van die nuwe nasie as ons toekoms!

Alles is reg! Alles is reg! Ons moet net bly hoop in die nuwe nasie! Dan sal alles regkom en kan ons weer aangaan soos gewoonlik!

Dink U dit is waarvoor God gereed staan in hierdie land, die vrede, voorspoed, geluk en welvaart van die nuwe nasie? Dit is nou die Here wat deur die geestelikes van die kerk en die gemeenskapsleiers net nog 'n god tussen gode gemaak is? Net nog 'n god wat op enige spirituele wyse ervaar en beleef kan word na nuk en na gril

Is God hierdie god tussen gode wat die geestelikes Hom maak, of is Hy die Here van die nasies wat een goddelose nasie vernietig deur nog 'n goddelose mag te lat opstaan?

Glo u regtig die moorde gaan ophou, Hennie Bonnema se moord hierdie week was die laaste moord in Levubu? Alles gaan regkom! Hoop net! Glo in die nuwe nasie! Kom ons wees met ons aanbidding die tempel vir die nuwe nasie en dit was die laaste plaasmoord in Levubu!

Glo u regtig die diefstal van ons oeste en roof van ons huise gaan ophou? Ons moet net bly hoop! Alles is reg! Alles is reg! Dit is maar net die geboorte pyne van die nuwe nasie, alles gaan nog regkom!

Glo u regtig die grondgryp en plundering van die massas en die regering gaan ophou? Hierdie week is nog 'n grondeis op 'n boer gedien terwyl al die ander staatplase se produksie tot niet is. Ons moet net hoop en weer wat ons het opoffer vir die nuwe nasie! Ons offers sal die nuwe nasie se welvaart en voorspoed skep, al het al ons opofferings tot nou net groter armoede geskep. Alles is reg, ho net aan opoffer!

Glo u regtig die eimagtigheid waarmee die regering die staat as persoonlike besitting opeis en so elkeen in die land van sy toekoms roof, gaan ophou? Ons moet net aanhou hoop! Alles is reg en sal regkom! Die nuwe nasie sal voorspoed bring!

Glo u regtig nog dat die sabotering van ons krag en die afbrand van ons plase gaan ophou? Alles gaan beter word in die toekoms. Ons moet moet net aanhou hoop en glo in die nuwe nasie!

15. Ons moet ons van hierdie nasiehoop bekeer tot God!

Die Here wys ons aanhoudend dat niks reg is en niks gaan reg kom nie!

God skep vir ons 'n lewenswyse waar ons met ons diens vir Hom kan aangaan terwyl niks meer in die land reg is nie

Hierdie hoop van die nuwe nasie en die nuwe nasie is die magswens van afgodery! Dit is nie die vertroue in wie God vir ons as kerk in hierdie goddelose en wettelose wêreld is nie.

Ons mag nie meer deel van die hoop van die nuwe nasie wees nie. Want dan gaan God vir ons die Here wees van die nasies. Hy gaan ons aan die oordeel van sy wet onderwerp en ons verniel as net nog 'n nuwe nasie wat Hy 'n ou nasie gaan maak.

Ons moet ons self weer vind in die toekoms van God wat Een en Enig Here is en ons in sy toekoms ingesluit het! Die Here van sy kerk wat sy kerk deur die geweld en onderdrukking van nasies in sy diens behou, bewaar en gebruik sodat Hy ons toekoms is – binne hierdie goddelose wêreld.

Wanneer ons God so vertrou sal ons die krag ontvang om te kan leef met die wete – niks in die land is reg nie. Met ons geloof in God se raad en verbondstrou sal ons nie dat hierdie erkenning van die werklikheid waarin ons leef, ons desperaat of moedeloos maak nie.

Die Here rus ons as sy kerk toe om in die wete dat niks in die land of gemeenskap reg is nie, nie ons diens, ons toewyding en ons ywer in ons arbeid vir God verloor nie. Ons leef en werk uit ons geloof in God, nie uit ons hoop op en in die nuwe nasie nie.

Dit is juis ons vertroue in God wat ons in hierdie lewenskuns oefen: ons kan vir God dien en eer in 'n land en nasie waar niks reg is nie.

Dit sal ook keer dat ons nie in wanhoop en desperaatheid verval wanneer ons in een trauma op die nader nie meer langer in hierdie waan kan leef: “Alles is reg! Alles is reg” nie.

Die vaste wete dat niks reg is in die land en gemeenskap, maak ons nie bronstige kameelkoeie wat agter elke mag wat soos uitkom slyk glo nie; maak ons nie woestyndonkies wat in ellende glo alles is reg nie; maak ons nie verslae lui en slegte Arabiere wat langs die pad sit en wag vir hulp nie; maak ons nie owerspelige vroue wat rondskarrel tussen mans en minnaars nie.

Want ons kan en sal leef vir God terwyl niks in hierdie land meer reg is nie.

Ons hoef nie in ontkenning vir die werklikheid van hierdie wettelose en goddelose nasie te leef dat niks reg is, om aan te gaan met ons lewe van diens en toewyding nie. Ons diens en toewyding binne hierdie geweld waar niks reg is nie, kom uit ons vertroue dat die Here van die nasies is ons Vader. Hy sal sy verbond hou om ons en ons diens vir Hom behoue te laat bly.

God skep vir ons 'n lewenswyse waar ons met ons diens vir Hom kan aangaan terwyl niks meer in die land reg is nie

16. Wat moet nog met ons gebeur sodat u kan begin sien en hoor!

Die Here wat God is staan gereed om die nuwe nasie se mag te breek met nuwe goddelose en wettelose magte! Die Here van die kerk was en sal nooit die God wees van die nuwe hoop van die nuwe nasie nie.

As ons ons nie van hierdie hoop en die afgodery van hierdie hoop bekeer nie, sal God vir ons die God wees wat Hy vir al die nasies van hierdie wêreld is, die Here wat gereed staan om van die noorde 'n ramp te stuur oor almal wat in die land woon.”
(Jer. 1: 14)

Die toekoms van hulle wat hul hoop in die nuwe nasie, die nuwe goddelose en wettelose nasie gestel het, sal God in sy handeling met die nasies van hierdie wêreld bepaal. Nie die gemeenskapsleiers en kerkleiers van die nuwe nasie nie.

“Alles is reg! Alles is reg!” sê die leiers en geestelikes van die nuwe hoop: die nuwe nasie. Niks is reg nie!, sê die Here van die kerk vir alle goddelose en wettelose nasies!

Waar moet ons dan 'n toekoms vind as ons dit nie in die hoop van 'n nuwe nasie kan vind nie? In die verbondstrou van God!

Dit is nie 'n toekoms sonder die geweld, die plundering en vernieling van die magtiges, die goddeloses en wetteloses nie. Maar dit is 'n lewe binne die verbondstrou van God – dat Hy ons vir Hom en 'n lewe met Hom in en deur hierdie wêreld behoue laat bly!

Hy maak ons deel van sy kerk om altyd sy volk te wees binne sy vergifnis en goedheid terwyl Hy as Here van die nasies nasies met geweld verwoes en oordeel!

- Kom ons breek met die hoop in die nuwe nasie van hierdie land! Kom ons keer ons tot die Here van die toekoms – die Here van die sy kerk!
- Kom ons breek met die minagting van die geestelike leiers in die kerk dat God net nog 'n god tussen baie godservarings is. Kom ons eer God as die Here van nasies en ons Vader!
- Kom ons breek om ons eie toekoms as gelowiges te vind in die magspel van hierdie wêreld. Kom ons leef in geloof in God se verbondstrou om ons vir altyd vir Hom te behou – in lewe en sterwe!

God skep vir ons 'n lewenswyse waar ons met ons diens vir Hom kan aangaan terwyl niks meer in die land reg is nie

- Kom ons leef vir God in 'n land en gemeenskap waarin niks meer reg is nie!
Hy sal ons lei deur die opkoms en val van al hierdie goddelose en wettelose magte.